Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, April 08, 2018
Page: 5

Familietrust kan nie ouerplig oorneem

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Kan hy sy kinders se skoolgeld (en ander onderhoudsuitgawes) uit sy familietrust betaal, wil 'n leser weet.

Hoekom sal jy wou, wonder ek. Kan dit gaan om 'n gewaande belastingvoordeel? Ek sien geen ander rede nie.

Maar daar is nie 'n belastingvoordeel nie. Kom ons kyk.

Net eers 'n basiese vertrekpunt. Daar rus 'n regsplig op ouers om hul kinders te versorg en te onderhou. Jy kan die plig nie afskuif op iemand anders nie. En die uitgawes vir die onderhoud van kinders is nie belastingaftrekbaar nie.

Daar is enkele belastingtoegewings vir mediese uitgawes, veral vir gestremdes. En daar is spesiale trusts wat anders belas word, maar ons praat hier van die sogenaamde familietrust en normale (minderjarige) kinders.

As die kind 'n inkomstebegunstigde van die trust is, kan die trust 'n inkomste aan die kind uitkeer wat gebruik kan word vir sy of haar onderhoud. Maar dan betaal nie jy óf die trust die onderhoud nie, die kind betaal dit mos self, want die inkomste het in die kind gevestig. Dis nie joune waarmee jy jou ouerlike verpligtinge kan nakom nie.

As die gedagte is dat 'n trustinkomste aan die kind toegeken word omdat die kind 'n laer inkomstebelastingkoers as jy het, maar die geld nie werklik aan die kind uitbetaal word nie en in die trust gehou word om jou onderhoudspligte teenoor die kind te dek, is ek bevrees speel jy met Jan Taks se baard.

Die teenvermydingsmaatreëls in art. 7 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) bepaal dat 'n inkomste (ingesluit dié uit 'n trust) wat 'n minderjarige kind toeval en wat sy oorsprong het in die skenking of ander goedgunstige daad van jou as ouer, nie die kind nie, maar jóú toeval. Gevolglik word jyself daarop belas. Dit maak nie saak of die geld uiteindelik tot die kind se voordeel aangewend is nie.

Art. 90 van die wet gee die ouer die reg om die belasting wat jy in so 'n geval betaal het, van die kind terug te eis. Doen jy dit nie, loop jy die gevaar om geskenkbelasting te moet betaal op die belasting wat jy nie van die kind teruggeëis het nie omdat dit in die wet binne die definisie van 'n skenking val.

As die geld uit die trust aan jou - as begunstigde - uitkeer en jy gebruik dit vir die kind se onderhoud, is dit tog dan jou eie geld en val die vraag eintlik weg.

As dit uit 'n trustinkomste is wat aan jou uitkeer en dit is in dieselfde jaar as wat die inkomste verdien is, sal dit in jou hande belas word en nie in die trust nie weens die deurvloeibeginsel, vervat in art. 25 van die wet.

'n Wenk vir mense wat nog beplan: As die trustbates waaruit die geld aan die kind uitkeer, nie die gevolg is van 'n ouer se goedgunstige skenking of ander handeling nie, kan hierdie probleme voorkom word.

Byvoorbeeld, gestel 'n grootouer het geld nagelaat vir die kind se opvoeding. Dit kan dan in die kind se hande belas word as dit 'n trustinkomste is wat uitbetaal. Minderjarige kinders kán belastingpligtig wees.

Loop net lig om dit as 'n annuïteit ('n gereelde vaste bedrag) te laat uitbetaal, want dan het die kind nie enige belastingaftrekkings daarteen nie.

As dit byvoorbeeld rente uit 'n belegging is, sal die jaarlikse rentevrystelling wel geld.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.